



BEHERENDE BOSE GEESTE

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@houseofministries.co.za

BEHERENDE BOSE GEESTE

As ons hierna kyk is dit belangrik om meer kennis op te doen oor al **die beherende bose geeste** wat in mense werksaam is. Maw hulle het ingekom in mense om oor sekere areas beheer oor te neem. Hierdie bose geeste maak die Gees van God so goed na dat ons al ons kennis moet inspan, anders gaan ons mislei word.

In die praktyk sien ons dikwels hoe bose geeste ongemaklik begin raak in mense en dan manifesteer of hulle identiteit ontbloot. Elkeen van hulle het toegang tot 'n persoon gekry wat soms soos 'n geheim lyk. Die hele doel is dat die waarheid oopgemaak moet word.

Ons moet besef dat elkeen van ons 'n verlede het wat vandag nog 'n rol speel in ons lewens. Het dinge in my ingekom deur my voorvaders? Verseker. Het ek in onkunde en onverskilligheid self ook deure oopgemaak? Ja, verseker.

Hoe sal hierdie verborge dinge in my nou eendag oopgemaak word? Kan ek my hele lewe iets toehou in my wat nooit geopenbaar word nie? Verseker ja. Die hele doel van lewe is tog om alles wat negatief is in my, uit te kry, sodat ek in oorwinning kan loop.

Wat gebeur nou as ek werklik in iemand vasloop wat in die outoriteit van Jesus Christus bedien? Mense sal tydens bevryding-sessies skielik praat en bv sê: "Haat, of moord, of selfdood". Nou hierdie is slegs die simptome en nie die werklike name van die bose gees nie. As jy dan hierdie gees aanspreek kan daar bevryding wees, maar die wortel of oorsprong van die toestand is nog nie geopenbaar nie.

Ek sal altyd vir jou leer dat die hele saak van "Die Sterkman" hier so belangrik is.

Mattheus 12:29-30;

"Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof. Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi".

Die sterkman of die beherende demoon is hier die kwessie. Ons moet probeer om in elke geval van bevryding die sterkman te soek. Wie is die sterkman? Wat is sy naam en wat is die vrug?

Ek moet nou dadelik ook sê dat in sekere emosionele verlossings daar nie altyd 'n beherende gees is nie. Meestal staan daar net 'n verstote, verwoeste of vernielde persoon voor jou.

Ons moet nou na Jesus se bediening gaan kyk. Ons moet openbaring kry oor hoe demone sal manifesteer en waarom.

Alle Sterkmanne in die Bybel word geklassifiseer as bose geeste.

Ons moet net weer by die punt kom waar ons verstaan dat Satan in beheer is van hulle almal. Hulle is slegs geeste of gevalle onrein engele wat geen liggame het nie. Hulle begeerte is om in jou in te kom en dan deur jou liggaam hulle werk te doen.

Omdat hulle engele was is daar nog altyd karaktertrekke in hulle. Hulle kan hoor, sien, praat, weet en dink.

Mense het simptome van wat binne-in hulle aangaan.

Al die jare was ek tog 'n dokter wat kon sê: 'As jy my al jou simptome vertel, kan ek dalk 'n diagnose vir jou gee'.

Presies dieselfde gebeur ook in die gees.

In die Bybel het Jesus alleenlik met die hoofdemone gewerk.

Hy kon na iemand luister met al die simptome bv. 'die demoon gryp my kind en laat hom val met skuim om sy mond'.

In sulke gevalle het Jesus dadelik die sterkman verwyder.

Hy het nie net gewerk met die verskillende manifestasies nie.

So is mense bevry.

1 Johannes 4:1;

'Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is'.

Ons moet so versigtig wees om nie net te luister wat demone sê nie. Hulle is almal meesters in misleiding

Mattheus 7:16-20;

'Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofoogtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.

'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!

So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra

slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n

slegte boom ook geen goeie vrugte nie'.

Elke gees in die geesteswêreld het 'n spesifieke taak of opdrag. Ons moet noukeurig let op die vrug wat geproduseer word. Hierdie vrug is soms iemand se persoonlikheid of die manier waarop hy die meeste optree.

As ons nou suksesvol met iemand wil werk is dit belangrik om te weet dat 'n lemoenboom nooit appels sal dra nie. So, soek na die vrug van die boom. So is 'n familiêre gees die teenstander van die Heilige Gees. Die enigste manier om soms te weet wie wie is, is om na die vrug te kyk. As ons ook nie weet hoe Heilige Gees altyd werk nie, kan ons dit ook mis!

Kerk, die probleem is dat ons geestelike dinge wil doen, maar nie self altyd ten volle vervul en toegerus is deur Heilige Gees nie. Die gevaar is dat ons onself kan vind om na demone te luister.

Ons moet weet dat die Bybel ons leer dat een van die gawes van Heilige Gees is om ons die volle waarheid te leer.

Ons self moet die waarheid ontvang sodat ons self kan vrykom.

Kom ons begin ter inleiding met die **gees van gebondenheid of slawerny** as 'n voorbeeld.

Jy kan 'n baie stabiele persoon hê met baie min slegte dinge in haar lewe. Skielik gebeur daar 'n klompie negatiewe gebeurtenisse in haar lewe en begin sy dinge ervaar wat sy nog nooit voorheen gehad het nie. Omdat sy nog altyd iemand was wat in beheer gevoel het, was hierdie 'n aaklige ondervinding.

Sonder om werklik te besef wat gebeur het hierdie vrou vir 'n tyd skielik depressie en vrees ontwikkel. Sy kruip weg in haar huis en glo dat sy die wêreld seker nooit weer in die oë sal kan kyk nie. Gebondenheid en slawerny het nou ingekom.

Sy haal iets aan en sy besef sy moet nou hieruit opstaan:

Sy sê: "Dis nie net steenmure wat 'n tronk maak nie, en dis nie net ysterpale wat 'n hok maak nie. Help my, iets het in my gebeur".

Daar is soveel mense wat geestelik opgesluit is in selle. Hulle word hier gevange gehou deur Satan en kan hulleself nie daaruit kry nie. Hulle raak met tyd verstote en verwoes. Kommunikasie met ander mense is nou 'n probleem. Al sien hierdie mense nie die ysterpale of stene nie, bly hulle gebonde. Mettertyd verwoes dit nou ook die siel en die gees. Die lewe is onregverdig!

Dit kom prakties daarop neer dat as ons mense beraad en bedien dat ons alles moet inspan om presies agter te kom wat hierdie persoon se probleme veroorsaak. Ons moet nie net die simptome of manifestasies raaksien nie. Ons moet weet wat is die wortel van die probleem, en dit dan aanspreek en help verwyder.

Dit is soos iemand wat brongitis het. Behalwe al sy longsimptome het hy ook koors. Om net op die koors en die behandeling daarvan te konsentreer, gaan hom nie gesond maak nie. Ek moet so gou as moontlik agterkom dat die longinfeksie sy probleem is.

Iemand is bv verslaaf is aan alkohol.

Ek moet nie net konsentreer op die gees van verslawing nie.

Die hoofdemon is 'die gees van slawerny' en daarmee moet ek deel. Die een belangrike ding hier is dat, as ek kan deel met die hoofdemon en wat regtig met my in die verlede gebeur het, het ek 'n baie groter kans om na bevryding vir ewig vry te wees.

Maar, 'Jesus came to set the captives free! To loosen those who are bound by Satan. To restore sight to the blind and to destroy the works of the devil!'

Die gawes van Heilige Gees is aan ons gegee sodat ons nie net moet staatmaak op ons eie kennis en vermoëns nie. Ons moet opstaan en werk in die krag van Heilige Gees net soos wat Jesus Christus gedoen het. Die gawes is daar sodat ons mag en kan werk in God se vermoë.

Daar is nie veel in die Bybel geskryf oor die onderskeiding van die Gees nie. As daar persone is wat werklik die onderskeiding van geeste het deur Heilige Gees is dit so waardevol vir die kerk. Dit gaan nie net oor die persoon nie, maar dat die hele liggaam daardeur bedien kan word.

In die kerk is daar soveel getuïenisse van mense wat sekere openbaring gekry het oor siekes, wat dan daarna goddelik genees is.

Die onderskeiding van geeste beteken dat Heilige Gees jou geestelike oë oopmaak en dat jy nou kan onderskei in 'n baie groter dimensie as net jou natuurlike vermoë.

Dit is dan moontlik dat jy sal kan onderskei watter gees hier werklik werkzaam is en of hulle van God af is of nie.

Ons moet weet dat geeste nie vel en vleis en bene het nie.
Dus kan ons hulle nie sien nie, tensy God dit aan ons wil openbaar.
Maar, of ons hulle sien of nie, weet dat dit bestaan!

Ons het 'n goeie voorbeeld hiervan in **2 Konings 6:14-17**;

'So het hy (die koning Aram van die Arameërs) dan daarheen perde en strydwaens en 'n swaar leër gestuur, en hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.

En toe die dienaar van die man van God vroeg opstaan en uitgaan, was daar 'n leër met perde en strydwaens rondom die stad. En sy dienaar sê vir hom: Ag, my heer, hoe sal ons maak?

Maar hy antwoord: Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is.

En Elísa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa'.

Die dienskneg se geestelike oë is oopgemaak.

Ons moet almal God bid en vra en aanhou vra, dat Hy ons almal se geestelike oë moet oopmaak.

HOOF-DEMONIESE GEESTE:

- 1 Gees van slawerny en gebondenheid. ('The spirit of bondage') Romeine 8:15.
- 2 Gees van vreesagtigheid. ('The spirit of fear') 2 Timotheus 1:7.
- 3 Die stom en dowe gees. ('Dumb and deaf spirit') Markus 9:25.
- 4 Die verslae- en swaarmoedige gees. ('The spirit of heaviness') Jesaja 61:3.
- 5 Gees van krankheid. ('The spirit of infirmity') Lukas 13:11.
- 6 Gees van jaloersheid. ('The spirit of jealousy') Numeri 5:14.
- 7 Gees van perversie en die seksuele perverte gees. ('Perverse spirit') Jesaja 19:14.
- 8 Gees van voorspelling en die familiêre gees. ('The spirit of divination and the familiar spirit') Handeling 16:16
- 9 Gees van hoerery. ('The spirit of whoredoms') Hosea 4:12.
- 10 Gees van trotsheid en hoogmoedigheid. ('The spirit of haughtiness') Spreuke 16:18.
- 11 Die leuengees. ('The lying spirit') 2 Kronieke 18:22.
- 12 Gees van die Antichris. ('Antichrist spirit') 1 Johannes 4:3.

.....

DIE GEES VAN SLAWERNY OF GEBONDENHEID

Romans 8:15; (AMP)

'For [*the Spirit which*] you have now received [*is*] not a spirit of slavery to put you once more in bondage to fear, but you have received the Spirit of adoption [*the Spirit producing sonship*] in which we cry, Abba (Father)! Father!

Kom ons lees **Romeine 8:15-16;**

'Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang **die Gees van aanneming** tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met **ons gees (menslike gees)** dat ons kinders van God is;

Hierin lê die oplossing. Hierdie twee verse praat oor drie geeste in die geesteswêreld. Kyk spesifiek of hulle in jou opereer.

Die gees van slawerny:

Dis 'n bese gees en wys op demoniese aktiwiteit.
Jy moet daarvan bevry word.

Die Gees van aanneming:

Dit is 'n gees wat van God af kom. Hierdie Gees kom om jou los te maak en die gebondenheid te breek oor jou lewe.

Die menslike gees:

Dit is die gees wat gaan bepaal watter een van bogenoemde twee geeste gaan domineer.

Romeine 8:15;

'Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Heilige Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

Die groot vraag bly altyd: Hoe het hierdie gedragspatrone en bese gesindhede in my ingekom?

Dit vorm in ons lewe agv 'n lewenspatroon wat ek volg of deur dinge wat ek toelaat in my lewe.

Dit kan ook verseker oorgeërf word as dit alreeds in jou familie voorkom deur geslagte.

'n Vesting wat alreeds gevorm het is dit sterker as 'n gewoonte en is dus baie moeiliker om te hanteer.

Ons moet net weer herhaal: Die grootste plek waar Satan 'n Christen kan aanval is in sy sielsvlak en in sy liggaam.

My sielsvlak bestaan uit: My emosies, my intellek en my vrye wil.

Die aanval deur Satan op die Christen se gees-dimensie is nie maklik nie want sy gees word deur God beheer, en deur God se Gees wat in ons woon. Ons moet onself net volkome deur God laat beheer.

Die grootste plek van oorlog bly ons gedagte-wêreld:

Dit wat ons toelaat en waaraan ons dink. Ons het 'n ewige stryd om ons gedagtes gevange te hou en gehoorsaam te hou.

'The battlefield is in the mind.'

Maw. Christene kan nog onder demoniese aanval kom, maar slegs in die emosies, die sielsvlak en in hulle liggame. Nie in die gees nie.

Kyk na oop deure in jou lewe: Paulus stel dit vir ons baie duidelik dat ons 'n keuse het of die duiwel kan werk in ons lewe of nie.

Efesiërs 4:27; 'En gee aan die duiwel geen plek nie'.

Dit beteken ek het 'n keuse – óf ek laat dit toe, óf nie.

Wanneer jy oop deure in jou lewe toelaat, voel die duiwel hy het die reg om in te kom om te kom steel. En dan natuurlik: As die deure toe is het hy geen kans om in te kom en te kom steel nie.

Kom ons lees wat met Kain gebeur het nadat hy sy broer Abel doodgeslaan het.

Eerstens moet ons weet wat in hom ingekom het:

Kain het hierdie geeste in hom toegelaat om te werk.

Die gees van jaloesie, kwaad en van moord, en oop is die deure!

En hy gaan net aan en vermoor sy broer:

Toe hierdie negatiewe gesindheid in hom inkom, gebruik die Satan dit en Kain gaan net voort met sy verwoesting.

God sê vir Kain hierna in **Genesis 4:7;**

'En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers'.

Hier maak God dit baie duidelik: Satan lê en wag vir jou en hy wil op jou spring!

Kain het 'n keuse gehad: Hy maak die deur oop vir sondige gedagtes en dit eindig in moord. Om sonde toe te laat is 'n progressiewe toestand – die een ding lei tot 'n ander een.

Dis waarom ons ons gedagtes moet beheer en moet klaarmaak met die probleme in ons lewe, anders is die deur oop.

Wat dan lei tot oop deure?

- * Die Familielyn.
- * 'n Krisis.
- * Onverskilligheid.

As jy nie werklik weet as 'n kind van God wat jou regte is en wie jy in Christus Jesus is nie, hoe kan jy jouself verdedig?

Dan hoor ons die volgende:

- * Hoe kon hierdie ding met my gebeur het?
- * Dis die hoeveelste keer dat dieselfde ding net weer sy kop uitsteek.
- * Hoekom gebeur dit dan altyd net met my?
- * Hoe kan ek myself beskerm dat dit nie weer en weer kom nie?
- * Wat moet ek doen om hierdie wrede siklus te stop?
- * Ons het nooit gedink hy sou so iets doen nie, hy was dan altyd so 'n gawe ou.

Hoe manifesteer die gees van gebondenheid?

Hoe lyk die simptome van hierdie toestand waarvan ek en jy moet weet?

Dit presenteer in die normale lewe as:

1. **Angs en angstigheid en vrees.**
2. **Bitterheid.** Dit bly die wortel. Daarna volg kwaad, onvergewensgesindheid, haat en 'n wrok. Jy kan net nie vry kom nie. Dit volg altyd 'n patroon. Hoe gouer jy dit kan hanteer, hoe beter.
3. **Die Blindes:** Hulle wat in duisternis is en nie Jesus wil dien nie.
4. **Die Gebondenes:** Totale onvermoë om lewenswyse te verander.
5. **Die Gebrokenes:** Hart, siel en liggaam gebreek en verwoes. Hierin speel oorerwing 'n baie groot rol. Die rol van die liefdevolle vader is nooit ervaar nie.
6. **Die Onderdurktes:** Vasgebind deur omstandighede. Hier ook is oorerwing belangrik. Dit kan ook groepe, volke en nasies beïnvloed.
7. **Die Verslaafdes:** Sigarette, drank, drugs, ooreet, dobbel, ens.
8. **Die Geldnajagers:** Groot begeertes na rykdom. Hou net aan en staan later gevoelloos teenoor dié wat benadeel word.
9. **Die Ambisie-gedrewenes:** Begeertes vir posisie en aansien.
10. **Seksuele wellus en perversie.** Pornografie van jongs af. Blootstelling daaraan in die huis ook.

11. **Kompulsiewe optredes en gewoontes wat normaalweg uit pas is.** Gedagtes wat negatief is word nooit gevange geneem nie. Tree net op want hulle dink hul kan maar.

12. **Woede-uitbarstings:** Dan hoor jy ook: Hy het my nooit aange-rand in die huwelik of aan my geraak nie, maar hy het my met woede gemanipuleer en verwoes.

13. **Diegene wat in korrupsie verval en andere dien:** Dit begin altyd klein en van min belang maar later kan ek gladnie meer daar uitkom nie.

.....

DIE GEES VAN VREESAGTIGHEID

2 Timotheus 1:7

'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

2 Timothy 1:7; (NKJV)

'For God has not given us the spirit of fear, but of power and of love and of a sound mind'.

Ons moet besef dis nie net 'n gesindheid nie, dis 'n gees wat inkom. Die gees kan ook in jou gees inkom en nie net in jou emosies nie.

Daar is defnitief ook iets wat ons noem 'Postiewe vrees'.

Dit is 'n natuurlike tipe beskerming wat keer dat ons onself laat seerkry. Ons steek nie net ons hande in vlamme nie en doen nie dinge wat ons permanent kan skade doen nie. Ons kan dit ook noem 'n tipe respek vir gevaar.

Negatiewe vrees kom in werking wanneer dit ons geestelike lewe en ons persoonlikhede aantast. Negatiewe vrees demp ons geloof, ons vreugde, ons vrede en ons liefde. Dit begin later om 'n patroon te word in my lewe.

Die oomblik as ons vrees toelaat om ons lewens te beheer, begin ons meer in die negatiewe glo as wat ons in God glo.

'Moenie vrees nie,' staan 365 keer in die Bybel. Een keer vir elke dag van die jaar.

Hoe en as wat manifesteer die gees van vreesagtigheid?

1. **Vrees en spanning:** Gewoonlik ook gepaard met liggaamlike simptome soos spierspasmes en 'kol' op maag. Spastiese dikderm, maagsere, migraine.
2. **Angstigtheid en bekommernis:** As hierdie mense nie iets het om oor bekommerd te wees nie, soek hulle iets! Baie van hierdie mense kry ook angsaanvalle, kroniese hoofpyne of fibromialgie.
3. **Fobies:** Vrees vir bv spinnekoppe, hoogtevrees, engtevrees, vrees vir water, vrees vir weerlig.
4. **Vrees vir mense:** Hulle word maklik 'people pleasers'. Hulle doen liewers verkeerd as om teen mense te gaan.
5. **Torment deur negatiewe gedagtes.** Wantroue kom in. Daar is so dikwels verwerping wat saam met dit gaan.
6. **Vrees vir die dood.** Praat soms te veel oor die dood of kom later op 'n plek dat ek bang is om dood te gaan.
7. **Vrees vir armoede.** Dis wanneer mense 'workaholics' word.
8. **Ongelowigheid:** Glo later gladnie dat God vir hulle lief is en vir hulle iets goeds wil doen nie. Word later baie negatief.
9. **Nagmerries:** Later kom hulle op plek waar hulle te bang is om te gaan slaap en dit lei tot slaaploosheid.
10. **Onnatuurlike vrees vir demone en boosheid:** Hulle sal bv sê: 'Moet nie met my praat oor demone nie. Ek wil net totaal van hulle af wegbly!'
11. **Oorversigtigheid en vrees dat bv kinders iets sal oorkom.**
12. **Liggeraaktheid.** Enige iets wat bedreig word 'n berg vir my, of ek regeer negatief op enige tipe beskuldiging.
13. **Skaam: ('Shy and shame')** Skaam vir my familie, skaam oor waar ek vandaan kom. Wil my verlede altyd wegsteek.
14. **Minderwaardigheid en verwerping:** Daar kom later 'n gees in waar hulle so bang is om weer verwerp te word.
15. **Depressie.** Die oorsaak bly altyd vreesagtigheid.
16. **Gevoel dat jy dit nie gaan maak nie:** Uitdagings is te veel.

17. **Hartsiektes en hartaanvalle:** Die Woord sê dat hulle aan hul harte sal beswyk van vrees. Dis wanneer mense sê: 'Stadig, jy gaan 'n aar bars!' of 'kalmeer, jy gaan 'n hartaanval kry!'.

Wat word van persone wat die gees van vreesagtigheid nie goed kan hanteer nie?

Dit bly 'n progressiewe toestand en word erger met tyd. Later sien jy die volgende:

* Hulle word hiperkrities en kry later 'n gees van veroordeling ('a Judging spirit'). Die wortel bly altyd die gees van vreesagtigheid. Nou kan dit ook begin manifesteer as depressie.

Dit maak mense geïrriteerd en hulle word ongeskik en krities.

Soms eindig dit in perfeksionisme en dan word hulle introverte.

* Introverte persoonlikheid. Maak net gladnie 'oop' nie en doen en praat so min as moontlik. Soms bang vir hulle verlede.

* Perfeksionisme. Hulle word oorversigtig. Naderhand kom daar 'n vrees in om geld te spandeer en om iets te kan geniet in die lewe. Hierdie mense bekommer hulleself die hele tyd. Dan loop hulle en kyk of elke deur gesluit is, of die stoof afgesit is. Oor en oor! Migriane wat kom deur die konstante spanning en stres.

* Kluisenaars.

* Trek later so terug van die samelewing dat hulle selfs godsdienstige byeenkomste vermy.

As ons kyk na die Sterkmanne wat die wêreld beheer is dit altyd: Doodmaak, verwoesting, intimidasie en vrees. ('Killing, destruction, intimidation and fear')

Satan kry dit reg om mense hierdeur totaal te beheer.

As daar 'n geskiedenis van **geestes-siektes** is, kom meeste daarvan deur die gees van vrees. Toestande soos:

* Vervolgingswaan.

* Skisofrenie – gesplete of dubbel-persoonlikheid.

* Kranksinnigheid.

* Manies depressief, wat lei tot selfdood.

* Hallusinasies.

* Melankolie: swartgalligheid, swarmoedigheid en droefheid.

Die Bybel sal ons altyd leer dat vreesloosheid 'n teken van dissipelskap is:

Daar staan duidelik dat ons geen onheil hoef te vrees nie, of vrees vir mense moet hê of vrees vir die aanslag van die vyand nie.

Volgens die Bybel is die enigste vrees wat ons mag hê die vrees van die Here is. Enige ander vorm van vrees is boos.

Vrees bly die vyand van God en van die mens.

Vrees kan nie bestaan waar God se liefde heers nie.

1 Johannes 4:18

'Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie'.

Vrees is die verwoester van hoop en geloof.

Wat sê Jesus? **Mattheus 8:26;**

'En Jesus sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom'.

GEBED:

'Vader, ek weet dat vrees nie van U af kom nie.

Ek wil werklik kom staan teen die negatiewe in my lewe.

Vergewe my Vader dat ek ooit getwyfel het dat U werklik na my kan omsien en my beskerm.

Ek wil so graag U vertrou in my lewe hê.

Heilige Gees kom help my hiermee asb. Ek maak U van vandag af die bron van sekuriteit in my lewe. AMEN

.....

DIE STOM-EN-DOWE GEES

Stom-en-doof is die naam van één gees.

Toe Jesus hierdie gees bestraf het, het Hy hom as een gees aangespreek en gesê: Jou 'stom-en-dowe gees' gaan uit.

Hierdie is 'n gees wat baie probleme kan veroorsaak.

In **Markus 9:17-29** lees ons die verhaal van iemand wat sy seun na Jesus geneem het.

En een uit die skare antwoord en sê: Meester, ek het my seun wat 'n

stomme gees het, na U gebring; en waar hy hom ook aangryp, ` skeur hy hom; en hy kry skuim in die mond, en hy kners met sy tande en word styf; en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie.

Toe antwoord Hy hom en sê: o Ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom na My toe. En hulle bring hom na Hom toe; en toe hy Hom sien, laat die gees hom dadelik stuiptrekkings kry, en hy val op die grond neer en rol rond met skuim in die mond.

Daarop vra Hy sy vader: Hoe lank is dit al dat dit hom oorgekom het? En hy sê: Van sy kindsdae af; en dikwels het hy hom selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak.

Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons.

En Jesus sê vir hom: Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Jesus, kom my ongeloof te hulp!

En toe Jesus sien dat `n skare bymekaar stroom, het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie.

En nadat hy geskreeu en hom baie stuiptrekkings laat kry het, het hy uitgegaan. En die seun het soos `n dooie geword, sodat baie gesê het: Hy is dood.

Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig; en hy het opgestaan.

En toe Hy in die huis kom, vra sy dissipels Hom afsonderlik: Waarom kon ons hom nie uitdrywe nie?

En Hy sê vir hulle: Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie'.

Die man self noem hierdie gees `n stomme gees'.

Hierna gee hy `n duidelike verslag van die manifestasies van hierdie gees en wat hy aan sy kind doen.

Omdat hier duidelike tekens van epilepsie is, is dit die stom-en-dowe gees wat altyd aangespreek moet word in die bediening van persone met hierdie siekte.

Die tekens van epilepsie pas mooi in: `n Aanval, konvulsies, spierbewegings, kners van tande en `n tipe bewusteloosheid.

Dis presies wat met hierdie kind gebeur het.

Om dood te maak is een van die manifestasies van hierdie gees.

Markus 9:22;

'en dikwels het die gees hom selfs in die vuur en in die water gegooi

om hom dood te maak. Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons’.

Dis tog gereeld dat ons weet van mense wat hulle self sny en van hoë plekke afspring. Daarom moet ons hierdie gees aanspreek in iemand wat wil selfdood pleeg. Dit kom van die stom-en-dowe gees af.

Dis tog interessant dat Jesus hier klem lê op geloof terwyl iemand hierdie sterk geeste wil uitdryf. Daarom sê Hy in **vers 23**:

‘Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. Dit is ook waarom Hy in **vers 29** sê:

‘Hierdie gees kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie’. Vas en gebed is so belangrik vir ongelowigheid en twyfel aan die kant van die bedienaar.

Om swaar te praat, te hinkel of om te sukkel om te praat word deur selfde gees veroorsaak. **Markus 7:32-35**;

‘Toe bring hulle na Hom ‘n dowe wat swaar praat, en smeeek Hom om hom die hande op te lê.

En Hy neem hom opsy, weg van die skare, en steek sy vingers in sy ore, en spuug en raak sy tong aan; en nadat Hy opgekyk het na die hemel, sug Hy en sê aan hom: Éffata, dit is: Gaan oop!

En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak, en hy het reg gepraat’.

So, ons leer dat dit die gees is om aan te spreek in sulke gevalle. As ons kyk wat gebeur met nog gevalle, begin ons om ‘n patroon te sien. Ons kan nog manifestasies en simptome sien as ons na die volgende geval kyk.

Mattheus 17:15-18;

‘Jesus, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water.

En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My.

Daarop bestraf Jesus hom; en die demoon het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af’.

Hier sien ons dat die kind ‘maansiek’ was. Of van die maan gepla is. Sy simptome was kranksinnigheid of geestelike gestremdheid.

Hierdie toestand kan soms net kom met volmaan, daarom die naam daarvoor. Baie het gedink dat die maan iets daarmee te doen het, maar die oorsaak is suiwer demonies.

Wat het Jesus gedoen: 'En Jesus het die demoon (die stom-en-dowe gees) bestraf en hom bevry.

Hier staan baie duidelik wat die oorsaak was!

Mattheus 12:22;

'Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien'.

Belangrik om te let dat die persoon nie net kon sien daarna nie, maar ook kon praat. Jesus kom wys net weer vir ons dat Hy gekom het om volkome verlossing te bring. Die hoofdemon, wat die wortel van die probleem is, is aangespreek.

Ons moet egter baie duidelik verstaan dat om die negatiewe gees te verwyder, nie noodwendig altyd dadelik volkome genesing sal bring nie. Die skade wat gedoen is in 'n persoon se liggaam mag nog steeds daar wees. So baie mense is teleurgestel en twyfel na bevryding omdat hulle dadelik genesing verwag. Ons moet so versigtig wees om nie valse verwagting vir mense te gee nie.

As daar onwelkome mense by jou ingewoon het in jou huis, moet jy daarna nog steeds die skade herstel. As die persone weg is moet die huis gegee en weer herstel word. Ons moet net leer om hulle dan nooit weer toe te laat nie. Ons moet dan Heilige Gees uitnooi om in te kom en daar te kom woon. Dit beteken dit neem tyd vir ou wonde om te genees.

Ek glo dat as mense vrygemaak is van bese invloed en hulle kom agter later dat hulle nog sukkel, kan hulle begin glo dat bevryding nie regtig gebeur het nie.

In plaas van die bese drange nou teen te staan word hulle mismoedig en gee ongelukkig so weer toe aan gebondenheid.

My eie ondervinding is dat die paar keer wat ek hierdie gees aangespreek het in mense met epilepsie, het hulle net daar 'n epileptiese aanval gekry. Maar, die aanval was kort en nie hewig nie en die mense kon dadelik opstaan en normaal funksioneer.

Knersing op tande gaan gewoonlik gepaard met 'n konvulsie. Dit wat kinders en mense bietjie kners agv spanning is nie demonies nie.

MANIFESTASIES VAN DIE STOM-EN-DOWE GEES:

- 1 Stomheid en hakkel en spraakgebrek.
- 2 Chroniese binneoor probleme.
- 3 Kranksinnigheid.
- 4 Epilepsie.
- 5 Stuiptrekkings en konvulsies.
- 6 Aanvalle met skuim om die mond.
- 7 Knersing van tande.
- 8 Selfdood-neigings.
- 9 Oormatige huilerigheid.
- 10 Om vernederd te voel.
- 11 Skisofrenie – gesplete persoonlikheid.
- 12 Sekere vorms van blindheid, bv aangebore gebreke.
- 13 Fobies en bv. vrees vir donkerte, hoogte vrees, spinnekoppe.

.....

DIE VERSLAE- EN SWAARMOEDIGE GEES

Jesaja 61:3;

'Om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot Sy verheerliking.

Dit is die manifestasies van hierdie gees wat maak dat ons die diagnose kan maak. Hierdie mense wil nie maklik erken dat hulle 'n probleem het nie, al is al die tekens daar.

Die manifestasies van hierdie gees verheerlik God nie. As die simptome na vore kom van treurigheid, rou, in sak-en-as sit, depressie en swaarmoedigheid, vind persone dit moeilik om in oorwinning te wandel.

Dit is juis om in integriteit op te tree, geloof in Sy Woord te hê en om Satan te oorwin deur my getuienis, wat jy God verheerlik. Ons moet juis in oorwinning wees om God te verheerlik. Hierdie gees kom om dit weg te neem van ons af.

1 Korinthiërs 6:20;

'Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort'.

Die hele doel van die swarmoedige gees is om jou vreugde te steel en daarna sal die bose vrug te voorskyn kom. Dit kom dan op baie maniere en vele patrone. Die einddoel van hierdie negatiewe toestand is dan ook om jou uiteindelik te lei na 'die gees van krankheid'.

Die wapens teen hierdie gees word in die Skrif genoem:

- * Vreugde-olie, (Jesaja 61:3)
- * Verheerliking van God, (Jesaja 61:3)
- * 'n Gewaad/kleed van lof, (Jesaja 61:3)
- * Die sing van lofliedere aan God, (Psalm 9:2 en 104:33)
- * Dans van blydskap en (2 Samuel 6:14 en Psalm 150:4)
- * Vrede (Psalms 4:18, 29:11 en 55:18)

Ek glo werklik dat die bose gees nie kan aanbly in die teenwoordigheid van die vreugde van God nie. Jou verstand en gees moet gevul word daarmee om oorwinning te behou.

Daar is defnitief 'n noue band tussen die verslae gees en die gees van krankheid. Die eindresultaat is siekte.

Om te oorwin is dit altyd nodig om die ander een (die gees van krankheid) ook te verbreek.

Die swarmoedige gees is meestal net die begin van 'n proses.

Om moeg te word of om jouself te ooreis kan ook aanleiding gee tot teleurstelling en wat dan daarna volg.

Meestal word mense eers moeg en daarna kom die depressie en dan volg siekte.

MANIFESTASIES VAN DIE GEES VAN SWARMOEDIGHEID:

1. Langdurige erge rou-smart. Die probleem is dat mense nie deur hierdie proses kan kom nie. Jy kan nie aanhou rou nie. Daar is mense wat nooit oor die dood van iemand kom nie.

Verhaal van vrou met klere nog in die kas wat al 10 jaar daar hang. Sy kon nog nooit klaarmaak en is eintlik nog met die dooie getroud.

2. Droefheid en verdriet. Dit is die tyd wat jy moet leer om elke gedagte gevangene te roep tot gehoorsaamheid aan God.

As jy voel dat jy ook foute het, bely dit aan God en sê vir Hom jy is jammer uit jou hart uit, en maak klaar.

3. Selfbejammering. Dit volg gewoonlik as 'n reaksie van selfsugtigheid. Ek is vies dat ek alleen moet agterbly en my maat is weg. Dan volg die 'gees van alleenheid'. Nou trek hulle inmekaar en gaan sit in 'n hoekie en bly net so!

4. Gebroke verhoudings wat nie herstel nie. Die grootste fout is dat ons die gebeure oor en oor in ons gedagtes laat afspeel.

Satan sal altyd misverstande gebruik om pyle in jou te skiet!

Jy moet dit nie doen nie, dit sal jou later net laat skuldig voel.

Jongmense wat in 'n seksuele verhouding was wat opbreek, het altyd daarna swarmoedigheid. Die sielsband wat deur die seksuele daad gevorm het, het geskeur as die verhouding eindig en daarom die oormatige pyn wat dit veroorsaak. Maak seker dat die sielband ('soul tie') afgesny word.

Vergewe dan die ander persoon vir wat hy of sy aan jou gedoen het, op dieselfde manier. Bind nou die vyand en stap uit in vergifnis en laat toe dat God jou kan genees.

5 Depressie. Dis die algemeenste en mins-geïdiagnoseerde toestand in die kerk. Die sosiale gevolge hiervan is: Gebroke huwelike, verwoeste kinders, selfdood, jaloesie en selfs moord.

Mense met depressie word so vasgevang om net te oorleef dat die basiese geestelike lewe agterbly. Hulle raak te moeg om Bybel te lees en te moeg om te bid. Dis wanneer jy die woorde hoor: 'Ek voel ek bid teen die dak vas' en 'Waar is God vir my?'

Die verantwoordelikhede wat hulle nog gehad het begin hulle verwaarloos soos wat hulle begin wegkruip agter mure.

Hoe meer hulle wegkruip, hoe meer alleen word hulle. Later word dit 'n lewenspatroon.

Die ander gevaar is iets soos dieselfde skedule, dag vir dag.

Dieselfde teleurstellings, dieselfde kinders wat skreeu en raas, dieselfde huis wat elke dag skoongemaak moet word.

'Dieselfde elke dag!'

Dan die vraag: Is daar nie 'n ander pad uit nie?

6. Alleenheid en neerslagtigheid. Alleenheid kom in as daar verlies is van 'n maat of 'n lewensmaat. Ek persoonlik glo dat dit erger is as wat ons wat buite dit staan, besef.

Hier kry ons ook dieselfde vraag: 'Is daar nie 'n ander pad uit nie?'

Die groot gevaar is nou daar: **Gedagtes aan selfdood.**

Hoe meer ek daaraan dink, hoe dieper sink ek, totdat my gedagtes verlam raak. Die Sterkman stuur meer pyle en daar is meer aanklagtes teen jou. Dan die skok: 'n Oordosis pille, van iemand wat ons nooit verwag het nie.

Almal wat al selfdood probeer het sê dieselfde ding: Die groot swaarmoedigheid wat oor jou kom is so erg dat jy voel dit dwing jou om aan selfdood te dink.

7. Slaaploosheid. Elke nag dieselfde gedagtes, dieselfde aanklagtes. Jou gedagtes en prentjies bly maar net daar.

Later slaap ek nie al gebruik ek medikasie. Dis wanneer alkohol gevaarlik is. Alles saam gaan net één pad, en dit is af!

8. Kneusings en seer hier binne in my siel. Jy moet aggressief optree teen die donker wolke van jou gemoed. Vergifnis belangrik.

9. Kompulsiewe gedrag soos: Ooreet en verslawing.

GEBED:

Liewe Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus. Al voel ek nie juis lus om te bid nie, doen ek dit uit gehoorsaamheid aan U.

Vergewe my Vader dat ek U verwaarloos het in my gebedstyd en in bybellees.

Vader, ek het toegelaat dat die gees van swaarmoedigheid van my goeie dinge kom steel het.

Ek weet U beplan soveel goeie dinge vir my.

Ek kies nou om al die gevoelens van swaarmoedigheid van my af te gooi en die kleed van lof aan te trek.

Ek gaan saam met U 'n pad van oorwinning loop van vandag af.

Dankie dat U my gebed hoor en sal antwoord daarop.

Satan:

Ek breek jou mag oor my lewe in Jesus Christus se Naam.

Ek weet dat ek deure oopgelos het en dat jy ingekom het om by my te steel.

Ek beveel jou in Jesus se Naam om al jou swaarmoedige geeste van my weg te neem en van my af weg te vlug.

Ek weet ek het die outoriteit om dit vir jou te sê in Jesus se Naam.

AMEN

.....

DIE GEES VAN KRANKHEID

Lukas 13:11;

'En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie'.

Tot nou toe was die mees effektiefste ding om virusinfeksies teen te staan, was om jou immuniteit op te bou. Immuniteit is die vermoë van jou liggaamsweefsel om infeksie teen te staan en dit te oorwin.

As ons meer geestelik gaan dan staan die volgende in die Bybel:

Jakobus 4:7;

'Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug'.

Weerstaan beteken dus ook dat ons die gees van krankheid moet weerstaan of teenstaan met krag.

Lukas 10:19;

'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Ek glo werklik dat ons 'n gesindheid moet kweek waar ons sekere dinge moet weerstaan ipv om toe te gee aan siekte. Daar moet 'n oplossing wees waar ons moet kan staan teen die aanslae van die duiwel. Dit beteken dat ons in hierdie geval nie die ander wang moet draai nie. Ons moet met krag in oorwinning loop.

Kom ons kyk weer na die eerste vertelling: ***Lukas 13:10-13 en 16;***

'En Hy was besig om op die sabbat in een van die sinagoges te leer.

En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop

te kom nie. En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos.

En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik.

Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan—dink daaraan! —agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?’

Waar was die vrou toe sy bedien is ? In die kerk.

Wat noem Jesus haar? 'n Dogter van Abraham. Sy was deel van God se Verbond, ook genoem die 'Verbond van Abraham'.

Elke Joodse man of vrou se grootste begeerte was om eendag te eindig by Vader Abraham. Onthou die arm man wat dood is.

Waar het hy geëindig? Aan die boesem van Abraham.

So, as 'n Verbondskind, het Satan dit nog steeds reggekry om haar te bind met siekte. In hierdie geval vir agtien jaar lank!

Wat is die band waarvan sy verlos moes word? Dis 'n bose of 'n negatiewe band wat haar verhinder het om te beweeg. Die verlossing van so 'n band is waarvan ons nou praat.

Ons moet ook versigtig wees om nie die skuld vir alles wat met ons gebeur, voor God se deur te lê nie. Seerkry en swaarkry kan deur verskillende dinge veroorsaak word.

* Eerstens: Ons weet reeds dat Satan soms, soos in Job se geval, daarvoor verantwoordelik is. Hy wil seermaak en vernietig en sal geen geleentheid om dit reg te kry, laat verbygaan nie.

* Tweedens: Ons kan deur ongehoorsaamheid vir ons eie ellende verantwoordelik wees. Die Bybel sê baie duidelik dat 'n mens sal oes wat jy saai.

* Derdens: Ons maak soms oordeelsfoute en beland as gevolg daarvan in situasies waarvoor ons nie toegerus is nie.

* Vierdens: 'n Mens is party keer die slagoffer van omstandighede waarvoor jy geen beheer het nie. Ons weet dat onskuldige slagoffers seerkry in ongelukke waarvoor hulle nie verantwoordelik is nie. Hulle is slagoffers van hulle omstandighede.

Hoe manifesteer die gees van krankheid?

1. Inmekaargetrek, spasties, boggelrug.
2. Arthritis.

2. Broosheid en liggaamlike swakheid.
3. Virusinfeksies.
4. Asma.
5. Hooikoors en sinusitis.
6. Swaminfeksies.

Die behoefte aan liefde is die geestelike wortel van baie toestande asook soms siektes: Niemand mag ooit van onvoorwaardelike liefde weggehou word nie. Dit veroorsaak so maklik emosionele probleme.

1. Bitterheid: Die wortel bly onvergewensgesindheid. Dit word geken aan vyandigheid teenoor mense.

2. Beskuldigings: Dit presenteer as ander mense boekhou van jou foute en dit altyd teen jou hou. Ook as mense loop en skinder.

3. Jaloesie en afguns: Dit is altyd om verhoudings te vernietig. Dis die oorsaak van vroë osteoporose.

4. Verwerping: Dit gaan soms saam met 'n gevoel dat jy nie aanvaar word nie. Dis baie keer die geestelike wortel van kanker.

5. Liefdelose geeste: Hierdie mense sukkel soms om hulle self te aanvaar en dit is die oorsaak van outo-immuun siektes soos Lupus of spierdistrofie of MS. Hierdie mense kan nie maklik liefde gee nie, maar hulle ontvang ook moeilik liefde.

6. Verslawing: Die behoefte aan liefde dryf ons so maklik om liefde op verkeerde plekke en met verkeerde goed te soek.

7. Vrees en spanning en angs: Dit bly verlamrend in jou lewe.

8. Die okkulte: Die waarheid word in die okkulte weggesteek. Hier offer Satan aan jou 'n ander Jesus en 'n ander koninkryk.

GEBED: Onse Vader in die hemele, ek kom vanaand na U toe in die Naam van Jesus Christus.

Ek kom erken dat daar sonde in my lewe is en moontlik in my stamboom.

Ek bely aan U my sonde asook die sonde van my ouers en my voorouers. Ek neem nou verantwoordelikheid vir die geestelike wortels van my siekte en my emosies.

Ek bely dat ek bitterheid toegelaat het.

Vader, ek dank U vir U vergifnis van my sonde en vir die restourasie van my liggaam, in Jesus Christus se Naam.

AMEN

.....

DIE GEES VAN JALOESIE

Jaloesie en trots is die oudste sondes in die wêreld.

Hulle het alreeds bestaan voor die mens op aarde was.

Lucifer was perfek-geskape deur God – pragtig en hy was oor al die geskape wesens in die hemele aangestel – maar hy het jaloers op God geword.

God het hom nie so geskape nie - Lucifer self maak 'n keuse – 'n keuse wat hom alles gekos het.

Jaloesie was nie net in engele nie, maar definitief ook in mense.

Numeri 5:14;

'En daar kom 'n gees van jaloersheid oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar inderdaad verontreinig het'.

Hierdie gees is 'n sterkman wat deur Satan gestuur word.

Dit is 'n owerheid in die geestesrealm en het gewoonlik baie ander demone wat vir hom werk.

Dis belangrik om hierdie gees en sy manifestasies te herken, anders kan ons so maklik deel word die proses en saam met hom werk!

Die een feit is dat mense wat nie hulle humeur kan beteul nie, hulle maklik oopmaak vir die sterkman van jaloesie.

Wat gebeur met Kaïn? ***Genesis 4:5;***

'Maar Kain en sy offer is nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang, en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.'

Ons tronke is vol moordenaars, vroueslaners en kindermolesteerders wat almal daarna sê dat woede en jaloesie hulle sover gedryf het. Verder as die normale grense. Die jaloesie in verhoudinge en in die huwelik is aan baie van julle bekend.

Ons almal moet aanvaar dat die hele wêreld in 'n stadium pyn en vernedering sal ervaar. Geen mens op aarde kan 'n leeftyd deurgaan

sonder om êrens langs die pad deur die vuur van vernedering, pyn en onreg te gaan nie.

Iemand vertel 'n verhaal waar 'n man en vrou probeer om in 'n kaggel vuur te maak. Dis so koud en onaangenaam. Die hout wou egter net nie brand nie. Die man gaan sit op sy hurke voor die kaggel en sê vir sy vrou: 'Nee wat, ek kry nie die vuur aan die gang nie. Ons sal eers al die ou as moet uitkrap voordat ons die nuwe vuur aanpak'. Dis die waarheid.

Wat ons ook ken as 'n 'opbrekende gees' is eintlik 'n teken dat die gees van jaloesie aan die werk is. Dit bly een van die heel grootste verwoester van Christen-eenheid. Die gees se groot doel is om Christenhuise te verdeel asook kerke en vriendskap.

Die gees van jaloesie verwoes Christen-vriendskap deur suspisieuse idees in mense se gedagtes te plant oor 'n ander persoon. Die gevolg is dat daar opstand in 'n persoon kom wat nooit tevore daar was nie. Dan sal hy 'n mond gebruik wat beskikbaar is - selfs sy eie - om 'n onskuldige opmerking te maak oor iemand anders. Die ander party sal dadelik aanstoot neem en dit dan opvolg met 'n paar snedige opmerkings van sy kant af.

Hierdie mense het nou in die strik van die voëlvanger getrap en voordat jy jou oë kan uitvee het hulle 'n goeie vriend verloor. Dit is bekend dat baie Christene wat goeie verhoudings het, in hierdie strik trap.

Die oplossing vir hierdie probleem van die vyand is soos volg: Die oomblik dat jy onderskei dat die gees van jaloesie aan die werk is, moet jy dadelik na die ander party toe gaan en eerlik vir hom vertel hoe jy voel. Bely dan dadelik oor die dinge wat jy gesê het en praat oor die dinge wat jy gehoor het hulle sê. Vertel dan dadelik dat jy seergemaak is daardeur en dat jy hulle vriendskap en liefde waardeer. Dit kan die werke van die bose een afbreek.

Daar is die verhaal van die hennetjie wat besig was om te eet. Skielik het een hennetjie met haar vlerke begin klap en vreeslik te kere gegaan. Die ander hennetjie het ook begin lawaai en die boer het gaan kyk.

Die hennetjie wat alles begin het, het 'n yslike akkedis in haar bek gehad. Dit het gelyk asof sy besig was om hom in te sluk.

Toe die boer nader kom sien hy dat die akkedis hom op een of ander manier omgedraai het en was nou besig om die hen te verwurg. Die boer moes toe die akkedis vang en hom wegjaag anders sou hy die hen beslis doodgemaak het.

Dit gebeur ook met ons dat mense met wie ons te doen kry, soms selfs daaglik, omdraai en ons aan die keel gryp, en ons dan met hulle woorde doodwurg.

Kom ons kyk net na die lewe van Josef. Hy het niks spesifiek aan sy broers gedoen nie, behalwe om jaloesie by hulle uit te lok. En dit het later so erg geword dat hulle hom wou vernietig. Dit was ook net danksy God se genade dat hulle hom nie doodgemaak het nie.

Mense wat die gees van jaloesie het voel gewoonlik onseker oor hulle self. Hulle weet dan nie of hulle regtig opreg liefgehe is en begin twyfel in hulle self.

Hulle glo gewoonlik dat liefde iets kos en nie veel werd is nie. Hulle voel onseker, minderwaardig en waardeloos en soveel keer glo hulle dat God ander mense meer lief het as vir hulle self. Hulle is ook mense wat nie maklik ander vertrou nie.

Daar is so baie maniere waarop jaloesie werk.

Ons moet weet dat om die liefde van God uit te stort, ons hierdie gees kan oorwin. Dis hoe die heiliges kan oorwin.

In al Sy leringe het Jesus Christus so baie oor die teenoorgestelde gees gepraat. Hy het nooit oor jaloesie, wat negatief is, gepraat nie. Hy het geleer:

- * Doen goed aan hulle wat jou moedswillig wil benadeel.
- * Oorkom die boosheid met goedheid.
- * Seën hulle wat jou vervloek.
- * Wees lief vir hulle wat jou haat.

Dit beteken net dat jy die gees van jaloesie kan breek deur lief te wees vir mense. Dis belangrik om aan mense te wys dat jy vir hulle lief is. Moet dit nie net sê nie.

Aan hierdie bose gees moet jy net die Woord van God wys en dit kwoteer. Weet dat jou stryd nie teen vlees en bloed is nie. Jy is besig om te worstel teen 'n prins van krag in die lug.

’n Stoeigeveg. Veg teen hom rondte vir rondte totdat die oorwinning kom.

Elke mens kry seer langs die pad en soms voel dit dat die vuur wat jy beleef, jou wil oorweldig.

Jy is die een wat moet besluit dat geen vuur jou gaan vernietig nie. As dit jou ingesteldheid is en jy lewe daarvolgens, sál jy bo uitkom, al is die vlamme hóe erg. Onthou net dat jy nie alleen is nie.

Dit is ook soms nodig om hierdie gees teen te staan, weerstand teen hom te bied en hom uit te dryf uit persone uit in die Naam van Jesus. Die mense wat bevry word moet weet dat hulle elke dag daarna moet weerstand bied teen hier gees. Eis jou oorwinning!

Onthou, die gees van jaloesie sal manifesteer in teenstand, haat en slegte gevoelens teenoor ander persone. Liefde oorwin alles.

Maniere waarop die gees van jaloesie manifesteer:

1. **Jaloesie.**
2. **Woede en uitbarstings.**
3. **Wraak en om jou te probeer terugkry.**
4. **“Spite”.**
5. **Haat.**
6. **Wreedheid en ’n gevoel dat hulle jou wil benadeel.**
7. **Selfsugtigheid.**
8. **Kompetisie.**

Dis een aspek wat ons nie moet miskyk nie. Of dit op die sportveld was, in besigheid was, in die huwelik was – enige onnatuurlike kompetisie maak jou oop vir die sterkman van jaloesie.

Ek weet tog baie goed dat kompetisie goed en soms werklik noodsaaklik is - maar as dit jou dryf en balans laat verloor, gaan dinge verkeerd.

’n Huis is net ’n gebou. Dit is die mense wat daarin woon wat daarvan ’n tuiste óf ’n hel maak.

Elke gemeenskap, elke gemeente het ’n bepaalde karakter en dit word bepaal deur die mense wat betrokke is. As die leiers altyd

negatief en vol van jaloesie is, sal die gemeenskap ook negatief wees en sal daardie mense se lewens deur hartseer, frustrasie en jaloesie geken word.

Mag ons deur God se genade vrykom van die gees van jaloesie.

Kom ons begin deur God vir Sy vergifnis te vra.

'Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus.

Ek erken dat ek myself oopgemaak het vir aanvalle van die gees van jaloesie. Vergewe my Vader en help my om 'n lewe te lei wat U eer.

Satan, in die Naam van Jesus Christus, breek ek die mag van die gees van jaloesie in my lewe.

Jy het nie meer 'n oop deur in my lewe deur hierdie gees nie.

Dankie Vader dat U my mag gee oor die krag van die duiwel.

Ek laat die liefde van Christus in my invloed en my oorwinning gee.

In die Naam van Jesus Christus.

AMEN.

.....

DIE GEES VAN PERVERSIE

Isaiah 19:14; (NKJV)

'The Lord has mixed a perverse spirit in its midst; and they have caused Egypt to go astray in all its work, like a drunkard staggers in his vomit'.

As ons kyk na hierdie gees is dit soos altyd: As jy die deur daarvoor oopmaak in jou lewe, sal daar gevolge wees. Dit is baie belangrik om te let dat die perverse gees nie altyd 'n seksuele gees is nie!

Romeine 1:17-32;

'Want die geregtigheid van God (Die Liefdes-Verbond van God) word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige (dié wat in die Verbond wil lewe) sal uit die geloof lewe.

Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.

Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in

sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging (verskoning) het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.

Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is (en daardeur oorlog met hulle mans gemaak het); en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding (straf) van hulle dwaling ontvang.

En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: (Nie net seksuele dinge nie, maar slegte karakter openbaar)

hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery (oorspronklik: pornografie), boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratere, uitvindere van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat al ken hulle die verordening van God (die Wet van God) goed, dat die wat sulke dinge doen, die (geestelike) dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen'.

Hulp sal altyd in ware bekering lê en 'n keuse om totaal in oorwinning in Jesus Christus te leef. Dit beteken dat hierdie gees se mag oor jou lewe gebreek moet word en jy daarvan bevry moet word.

God sal jou nie net daar straf en doodmaak as jy iets verkeerd doen nie. Hy laat dinge toe met die hoop dat jy later sal besef jy is verkeerd, jouself sal bekeer sodat jy vergewe kan word.

Dit kan alleenlik goeie lang termyn gevolge hê as die persone vervul word met die krag van Heilige Gees.

Hierdie is die enigste weg vir hulle wat betrokke is met bogenoemde. Die wonderlike nuus is dat God soos altyd ware berou kan aanvaar en jou van alle ongeregtigheid kán reining.

God kom bevestig Sy genade en Sy vergifnis vir jou, in

1 Korinthiërs 6:9-11;

'Of weet julle nie dat die onregverdiges (die Woordloses) die koninkryk van God nie sal beërwe nie?

Moenie dwaal (mislei wees) nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete (homoseksuele) of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God'.

'n Vesting is normaalweg 'n plek waar mense teen gevare van buite skuil. Maar, as jou vesting se mure van bitterheid en perversie gebou is, word dit 'n tronk waarin jy jouself doodbloei.

Jou verstand en gedagtes is soos 'n stad uit die Bybel se tyd, kompleet met vestings en poorte. Dié mure moet keer dat jou vyand nie dalk insluip en jou kom aanval en uiteindelik selfs vernietig nie. As 'n gewonde gees, gekrenkheid en perversie die wagte in jou stad is, beteken dit dat jou stadsmuur flenters is en jy jouself in 'n tronk, en nie in 'n plek van veiligheid nie, toegesluit het.

Hoe manifesteer die persverse gees?

1. **'n Gewonde gees**, wat jou eie gees teenstaan en doen wat hy wil.
2. **Aanhoudend dieselfde foute maak**, al sê almal vir jou dis verkeerd.
3. **Haat**.
4. **Gekrenkheid** – maak dat jy deur ander mense verag word.
5. **Onverskillige geaardheid** – maak dat jy onverskillige woorde spreek en doen.

6. **Wellus** – maak dat jy na die ander geslag kyk met wellus en hulle seksueel begeer in jou hart.

7. **Om die Skrif te verdraai om jou dade te regverdig.** Vals leraars.

8. **Rebellie** – alle rebellie is eintlik teen God en hoe Hy dinge geskape het.

9. **Seksuele perversie:** Homoseksualiteit, prostitusie en bizarre seksuele dade. Ook seks met diere.

10. **Liefhebbers van hulle self.**

Hoe moet ons hierdie mense bedien?

Dis baie keer 'n tydsame en 'n lang proses.

Dit is so belangrik dat elkeen van ons wat mense bedien, Heilige Gees moet vra vir meer van 'die onderskeiding van geeste'.

Ons moet sekere dinge kan sien of defnitief net weet.

Kom ek vertel jou: Daar gebeur dinge met mense, of dit het dalk al in hulle verlede gebeur. As ek nou by hulle sit is dit my begeerte om te kan sien wat met hulle gebeur het of wat profeties nog met hulle gaan gebeur. Dis nie net 'n vermoë om te sien nie. Ek kan ook met sekerheid net weet.

Ek kan alleenlik sien as dit God se plan is om deur Heilige Gees iets aan my te openbaar. As ek niks sien nie is dit heel moontlik nie nou nodig of van waarde dat ek dit sien nie. God sal net aan my iets openbaar wat nodig is of vir iemand van nut kan wees.

Ek kan voor iemand sit en dan kom daar net 'n openbaring in my gees. Ek sal die man in my oë sien sing.

Dan kom die vraag: 'Is jy in musiek?' Die antwoord: 'O ja, en groot. Ek is in die swaarste van swaar heavy metal musiek. Ek trek snaaks aan en maak bizarre musiek'. Ek weet skielik dat musiek ook 'n groot deel van sy Christelike lewe gaan uitmaak en dat hy in die toekoms musiek vir Jesus gaan maak. Hy is so opgewonde om dit te hoor want in sy binneste het hy dit ook gevoel en nou word dit deur my aan hom openbaar en bevestig. Nou is dit nuttig.

Mense, kom ons begin soek na oplossings. Ek wil nie iets van jou verlede weet nie. Ek wil weet wat kan jy word en hoe gaan jy dit doen.
.....

DIE GEES VAN BITTERHEID:

Bitterheid is 'n bose mag in die hande van die vyand.

Al verskil ons van mekaar en daar is dalk konflik, is ek nie jou vyand nie en is jy ook nie my vyand nie.

Die probleem is dat ons nie onderskeid kan tref tussen die persoon en sy sonde nie. Sy sonde is jou vyand, nie hy nie.

Die kwessie is dat as iemand jou aanval, dan maak ons hom deel van die boosheid wat hy doen. Ons moet dit nie doen nie!

Jy moet skeiding maak tussen die persoon en sy sonde.

Agv ons sonde het daar ook verwydering gekom tussen Jesus en ons. Selfs al het ons tot bekering gekom is daar nog so baie dinge wat ons moet uitwerk.

Bitterheid is 'n bose mag en daar is sewe bose geeste wat hierdie toestand versterk en verswaar as dit eers begin het:

1. Onvergewensgesindheid:

Hebreërs 12:15; '..pas op dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie'.

Hoeveel van julle het nog terugflitse van verkeerde dinge wat aan julle gedoen is?

As jy 'n klomp redes kan gee hoekom jy nie van iemand hou nie is dit onvergewensgesindheid! As dit eers 'n houvas op jou kry, lei dit tot:

2. Boosheid:

Boosheid hou rekord van alles wat verkeerd aan jou gedoen is.

Boosheid is 'n geestelike probleem, nie 'n psigiatriese een nie.

Dit steek jou egter hier in jou hart en kan later nog aanleiding gee aan die fondasie van vrees, vrees vir mense, vrees vir verwerping en vrees vir mislukking.

Die woorde wat jy nou baie hoor is: 'Ek is nie nou vir jou kwaad nie, maar, ek gaan jou terugkry!' ('I will get you back!')

En ons begin al hoe meer vir mense wegkruip. Die boosheid in jou hart lei nou tot:

3. Weerwraak of wraakneming:

Binne in jou begin daar woorde inkom soos: 'Ek vergewe nie, ek kom net weer kyk'. ('I don't forgive, I just get even')

In ons worstelling kom die volgende gees in:

4. Kwaadheid:

Dis 'n sterk gevoel wat nou na vore tree. Dit gaan oor in:

5. Haat:

Ek begin al hoe meer elke ding onthou wat jy aan my verkeerd gedoen het. Hoe meer ek daaraan dink hoe groter word die begeerte om dit te wreek.

Haat sê: 'Daar is nie genoeg plek vir ons albei in hierdie huis nie, ook nie in dié dorp nie'. Dan volg:

6. Geweldadigheid:

Ek wil jou seermaak voor ek jou elimineer. Jy sal my pyn voel! Jy gaan my voel een van hierdie dae! Ek wag vir jou!

7. Moord:

Dis die finale vrug van bitterheid.

Ek vermoor met die tong, óf selfs fisiese moord.

As jy een van bg kry in iemand se lewe, gaan soek maar, jy sal die ander ook kry. Dié wat nog nie daar is nie is nog oppad!

As daar haat, geweld en moordgedagtes in jou lewe inkom voel jy altyd dat jy die reg het om so te voel. Iemand sal die prys moet betaal. Is jy 'n slagoffer hiervan? Is jy êrens op hierdie leer?

VERGIFNIS:

Hoe dikwels moet ek vergewe? Minuut vir minuut, uur vir uur en dag vir dag – vergewe hom en maak hom vry. God beveel ons om te vergewe en ons moet, want ons is Sy kinders.

Wanneer jy iemand vergewe het dan laat God jou ook vry gaan, net soos wat jy die persoon ook laat vry gaan het.

Jy is nou verlos van die gees van bitterheid en die 'ping' hier in jou hart begin weggaan. As jy later aan hierdie persoon dink voel jy nie meer die pyn in jou hart nie. Soms onthou jy nog wat aan jou gedoen is maar jy dra dit nie meer verder as sonde in jou lewe nie. Weet: Dis sy sonde en God sal hom oordeel.

Jou werk is net om hom los te maak en aan te gaan met jou lewe. As jy iemand vergewe kan jy nog die sonde haat waarin hy verkeer, maar jy is vry daarvan. Of daardie persoon respondeer op jou vergifnis of nie – dis sy probleem en sy sonde. Doen wat jy kan om dit te herstel, maar as dit nie werk nie, kom stap aan.

Praktiese toepassing:

Bitterheid en ander geeste kom in ons lewens in agv:

- * Hulle kan oorgeërf word as 'n familiële gees wat dan afgaan van geslag tot geslag.
- * Hulle kan ontstaan agv verwagtings van andere waaraan nooit voldoen is nie.
- * Soms is daar omstandighede in jou lewe en ongelukkig kies jy self om bitter te wees daaroor.
- * Ons kan later 'n persoonlikheid van bitterheid hê net omdat ons nie kan regkry om onself los te maak daarvan nie.

Die volgende vrae kan dui op bitterheid in jou lewe:

- * Kry jy nog terugflitse van dinge wat aan jou gedoen is vroeër?
- * Hou jy rekord van al die verkeerde dinge wat aan jou gedoen is?
- * Wil jy hom/haar graag terug kry?
- * As jy aan 'n sekere persoon dink, maak dit jou omgekrap of bitter?
- * Haat jy iemand?
- * Het jy al iemand in jou hart vermoor of met die tong geslaan?

Het jy ooit enige bitterheid teenoor God ontwikkel?

- * Blameer jy God vir al die boosheid in die wêreld of in jouself?
- * Was jy al ooit kwaad vir God en in opstand teen Hom oor iemand wat jou tenagekom het en dat jy God daarvoor blameer?
- * Het jy al ooit in opstand teen God gekom omdat Hy nie jou gebede verhoor het soos wat jy dit wou gehad het nie?

DIE PAD NA VRYHEID:

Is jy gewillig om uit jou bitterheid te stap vandag en God se Woord te gehoorsaam?

1. Erkenning:

Jy moet jou probleem herken en kan erken. Dis nou tyd om te verander. Dit gaan baie geloof en geduld neem, maar kom doen dit. God wil die mag oor jou lewe breek en jou in vryheid laat lewe. Dis nog altyd Sy wil.

2. Verantwoordelikheid:

Jy moet die verantwoordelikheid kan aanvaar vir dit wat jy sien in jou lewe, bv Bitterheid, afguns, jaloesie, vrees, self-haat, rebellie. Hoe neem ek verantwoordelikheid? Ek maak net 'n besluit en hou daarby.

3. Bely:

Bely aan God jou deelname aan dit wat jy nou erken.

4. Aflê: Dit wat jy raaksien in jou lewe – lê dit af en laat dit gaan. Baie mense voel skuldig oor die verlede, maar hulle weier om hier binne regtig te verander.

Leer om dit wat verkeerd was te haat en totaal te vergeet.

Maak jou los van boosheid en sonde. Doen hierdie deel hardop!

5. Verwyder dit:

Maak nou klaar en kry dit uit jou uit.

Sê vir die sonde: 'Ek verwyder jou uit my lewe uit. Gaan van my af weg. Ek kies dit so'.

Gee aan jouself nou 'n nuwe hart en 'n nuwe gees.

6. Weerstaan dit:

As dit probeer tergkom, weerstaan dit.

Jakobus 4:7; 'Onderwerp jouself aan God en weerstaan die duiwel en hy sal van jou wegvlug'.

7. Verbly jou:

Verbly jou en gee aan God al die eer vir jou vryheid.

8. Herstel andere:

As jy nou nuwe vryheid ontvang het, gaan help iemand anders om ook vry te kom.

.....

FAMILIËRE GEES / GEES VAN VOORSPELLING

1 Samuel 28:7,8

'En Saul sê aan sy dienaars: Soek julle vir my 'n vrou wat 'n dodebesweerster is, dat ek na haar kan gaan en haar raadpleeg. En sy dienaars sê vir hom: Daar is 'n vrou, 'n dodebesweerster, in Endor.

Daarop het Saul hom onkenbaar gemaak en ander klere aangetrek en weggegaan, hy en twee manne saam met hom.

En toe hulle in die nag by die vrou aankom, sê hy: Voorspel tog vir my deur die gees van 'n afgestorwene en laat vir my opkom die een wat ek jou sal noem'.

Hierdie twee bese geeste werk op dieselfde manier. Die gees van

voorspelling word sterker gemaak deur die Familiêre gees. Dit bly 'n namaaksel van God se alwetenskap.

Die persone wat optree deur die Familiêre gees noem dit 'n persoonlike geestelike gids'. Hierdie gees leef in vriendskap met die persoon wat hom besit. Dit beteken dat die gees die persoon slegs van informasie voorsien, maar dit bly demonies. Dit word gewoonlik oorgedra in 'n familie en kan afgaan in die geslagte.

Daar is baie maniere en voorwerpe wat gebruik kan word in bv 'fortuinvertelling'. Gewoonlik is dit kristalbal, geeste oproep, horoskope soos 'die sterre vertel', teeblare lees, pendulum wat swaai, ouija borde, glasier-glasie speel, speelkaarte, Tarot-kaarte, drome, handpalmlees, handskrifanalise, iris-lesing, gedagtebeheer.

Daar is ook voorwerpe wat mense aan hulle dra om die bese geeste weg te hou, soos kruise, krale, 'good luck charms', bobbejaan-voete. En dan ook dinge soos 'dream catchers'.

Deuteronomium 18:9-12;

As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.

Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurga—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.

Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit'.

Hoe doen hierdie persone dit?

Hulle sê magiese verse op, spreek 'n vloek oor jou uit, om in 'n trans te verval, siels-verplasing en soms bese praktyke van toordery. Satan is dan die een wat hierdie kragdimensie aan hulle voorsien. Al hoe hierdie mense dit kan doen is om één te wees met 'n bese gees.

Handelinge 16:16-18;

'En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.

Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.

En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan’.

Paulus het geweet dat al vertel sy die waarheid, was sy besig om mense te mislei. Sy wou aan die mense wys dat sy één is met Paulus-hulle of dat hulle wonderwerke doen deur dieselfde gees wat in haar is. Let op dat sy hulle gevolg het om te probeer wys dat sy deel van hulle was.

Dit gebeur nou nog dat `n bekende geestelike `n plek besoek en dan is daar iemand met `n gees van voorspelling wat saam met hulle beweeg. Hy praat die prediker dan goed en laat almal verstaan dat hulle eintlik saam is of dat hy toestem dat die persoon hier kan preek. Hierdie gee dan aan hom `n oop deur om deur `n bose gees te begin bedien of om die werk van God teen te staan.

VOORBEELDE:

- * `n Voorspeller of `n siener.
- * Voorspeller van tye, almanakke of horoskope.
- * Met die helm gebore te wees.
- * Towenaar wat iets kan doen.
- * Hekse wat met toordery rondgaan.
- * Hipnose.
- * `n Medium wat geeste oproep.
- * Heldersiene persone wat bv uile sien of boodskappe kry.
- * Persone wat dooies raadpleeg.
- * Sekere vorms van astrologie.
- * Waterwys (`water witching’).
- * Iemand wat deur geluide kontak maak met bose geeste asof hy met homself praat.

Jesaja 8:19;

‘En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet `n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?’

- * Buikspreker.

Jesaja 29:4;

‘Dan sal jy diep uit die grond spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die grond opkom (uit jou maag uit) soos dié van die gees van `n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep (om geluide te maak sonder om regtig jou mond oop te maak)’.

DIE GEES VAN TROTSHEID

Spreuke 16:18,19;

'Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val. Dit is beter om nederig van gees te wees saam met die ootmoediges as om buit te verdeel met die trotsaards.

Dis baie duidelik dat God 'n trotse gees weerstaan.

Die selfregverdiging en verhoogde trotse gees gee aanleiding tot soveel probleme in die kerk. Daar is soveel Woord dat diesulkes gaan val.

Jesaja 2:11 en 18;

'Die hoë oë van die mense sal verneder word, en die hoogheid van die manne neergebuig word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees.

Dan sal die hoogheid van die mense neergebuig en die trotsheid van die manne verneder word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees.

Ek lees dat iemand 'n verhaal vertel dat sulke trotse mense soveel keer iets oorkom soos bv 'n werwel wat uitglijp en skielik kan hulle gladnie regop kom nie.

Na gebed en bevryding het God aan hulle gewys waarom dit gebeur het. Direk na die gebed kon hulle weer opstaan en regop loop.

As ons lees wat Paulus skryf is dit duidelik dat God die vrug van die gees van trotsheid nie sal verduur nie. Hy stel dit duidelik dat God aan hom 'n doring in sy eie vlees gegee het om hom te verhoed om trots te word.

Skrif:

God sal die trotsheid straf.

Spreuke 6:16 ,17; 'Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel: Trotse oë'.

God se oë is op die trotsaards:

2 Samuel 22:28;

'En U verlos die verdrukke volk, maar u oë is teen die hoogmoediges; U verneder hulle'.

Manifestasies van die gees van trotsheid:

- * Trots en verwaand.
- * Minagtend teenoor ander optree.
- * Met mense die spot te dryf.
- * Neersien op ander mense.
- * Om te spog en grootpraterig te wees.
- * Skinder.
- * Selfregverdiging en kan nooit verkeerd wees nie.
- * 'Holier-than-thou'.
- * Arrogansie.

Dis duidelik dat 'n trotse gees jou in oorlog teen God neem want dis vir Hom 'n gruwel.

Die groot wortel van trotsheid bly verwerping en minderwaardigheid. Hierdie mense het altyd iets wat hulle dryf om iets te bewys. Dit kom dan as kompetisie en soms as jaloesie.

Die Bybel is baie spesifiek oor die hantering van hierdie gees:

- * Omdat hierdie gees homself oplik teenoor God, beteken dit dat al hoe jy hier kan uitkom is om jouself ten volle aan God oor te gee.
 - * Bind die sterkman wat saam met hierdie gees beweeg en jaag hom weg in die Naam van Jesus Christus.
- Dis nou belangrik om vry te bly. Die basis van volkome vryheid lê daarin of jy onder alle omstandighede nederig kan bly.:
- * Jakobus 4:10: 'Verneder jou voor God, en Hy sal jou verhoog'.
 - * 1 Petrus 5:6: 'Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.
 - * Lukas 14:11: 'Want elkeen wat homself verhoog sal verneder word, en hy wat homself verneder sal verhoog word'.

Deurentyd lees ons dat God homself stel teenoor die gees van trotsheid, maar genade aan die een wat nederig bly.

Daarom, leer jouself om 'n katakter te bou van nederigheid. Dit bly ongelukkig jou eie verantwoordelikheid.

Ons lees dat Jesus self nederig kon bly. Koning Dawid kon dit ook regkry.

.....

DIE GEES VAN DIE ANTICHRIS

1 Johannes 4:1-3;

'Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld'.

Die woord "antichris" beteken twee dinge:

Dit beteken 'teen' of 'in plaas van' – 'n nabootsing.

In **Mattheus 24:5** sê Jesus: 'Baie sal onder My Naam kom en sê: Ek is die Christus' en hulle sal baie mislei'.

Dit beteken dat hulle Hom sal naboots en maak asof hulle in Sy plek kom en maak asof hulle Jesus is.

Die ander betekenis is om 'teen' Jesus te wees.

In **Openbaring 13** sien ons die twee 'diere' van die eindtyd.

Die een dier is die groot politiese leier wat sal kom om die politieke veld te beheer. Hy sal 'n Antichris wees wat die wêreld sal regeer – soos 'n diktator.

Hierdie politieke leier sal die sg. Geldmag, die nuwe wêreldorde en alle mense en stelsels kom beheer. Hy sal uit die Westerse wêreld uit kom.

Dan is daar die godsdienstige heerser wat sal kom.

Hy word die 'vals profeet' genoem. Hy sal die mense en die wêreld kom oortuig om die eerste dier te aanbid.

Hy kom om alle kerke en gelowe bymekaar uit te bring en hy wil alles onder een wêreldgodsdienst kom plaas. Hy sal kom soos 'n lam maar eintlik is hy 'n wolf en hy sal Jesus kom namaak.

Die groot misleiding sal die gevolg wees van die 'godsdienstige sisteem' wat nou alreeds op aarde en in kerke heers.

Hierdie persoon sal uit 'n Joodse agtergrond kom, want dis belangrik dat die Jode hom ook sal aanvaar as die Messias.

Daar sal dus twee persone opstaan wat gesamentlik die rol van die Antichris sal speel. Hulle sal die wêreldsisteem gebruik om dit reg te kry. Die een die groot politieke heerser en die ander die een wat in die kerk sal kom as die geestelike leier.

1 Johannes 2:18;

'Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

Die hele wêreld is alreeds vol van hulle in die kerk.

Hulle is met tyd daar geplaas om die kerk voor te berei vir oornamendeur deur die een wêreldkerk.

Ek en jy moet vandag alreeds genoeg weet hoe die sisteem gaan werk en wat hulle beplan.

In die kerk sal ons sien hoe hierdie sisteem sal opstaan om teen alles wat Jesus nou wil doen – dit teen te staan. Hulle sal voorgee dat hulle mense wil help of na hulle luister, net om dit te verdraai om Christene te laat struikel.

Daar is soveel persone in die kerk wat konstant soek na ander gelowe en hoe om dit te beoefen. Hulle raak gefassineer deur alle snaakse rituele en nuwe maniere om godsdiens te beoefen.

Hulle sal aanhoudend Die Woord verdraai net om by hulle te pas.

1 Timoteus 4:1-4;

'Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie'.

Die merk van die Antichris-gees: **2 Johannes 7-11;**

'Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het.

Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word; want hiervoor arbei ons ook en word ons verag, omdat ons gehoop het op die lewende God wat 'n behouer is van alle mense, insonderheid van die gelowiges.

Beveel en leer hierdie dinge'.

Die manifestasies van die Antichris-gees:

- * Altyd teen Christus.
- * Probeer om Christus se plek te vat.
- * Opponeer Christus se doktriene, Sy goddelikheid en Sy oorwinning
- * Stel ander dinge voor vir die vergewing van sondes en hoe om deur God aanvaar te word.
- * Bind lidmate vas aan spesifieke kerkwette wat kwansuis vryheid sal bring.
- * Opponeer enige persoonlike getuienis oor wat Jesus vir jou gedoen het.
- * Opponeer profetiese woord en maak dit af as stories.
- * Opponeer enige outoriteit wat in persone funksioneer.
- * Hulle spreek aaklige dinge uit oor die gawes in mense en gee gewoonlik die eer daarvoor vir Satan.
- * Onderdruk sekere bedieninge.
- * Gaan soms uit hulle pad uit om mense in die kerk te irriteer en tweedrag tussen hulle te saai.
- * Vervolg opregte Christene en versprei verkeerde stories oor hulle.
- * Probeer om die swakeres altyd te mislei en te verlei om saam met hulle sonde te doen.